# AFRIKAANS
# WEEK 3
# WOENSDAG

## Graad 5

Laerskool Mikro Kopiereg ©

WEEK 4: 11-15 Mei 2020 Afrikaans: Tema Zoom-Zoom Platinum Handboek p.81-90

# SPEL:

**Soek die volgende woorde se betekenis op in ‘n woordeboek of google dit. Skryf die woord 5 keer uit en maak ‘n goeie sin met die woord.**

5) asseblief
6) luister
7) vererg

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# TAALLEER:p.87

## IDIOME: SPREEKWOORDE EN IDIOME kleur ons taal in.

### C Oefen taal

**Taalfokus 1: Spreekwoorde en idiome**

Bye en muskiete maak 'n zoemgeluid. Dink jy dit word letterlik of figuurlik bedoel? As jy sê "iemand steek sy kop in 'n bynes" of "hy smeer haar heuning om die mond", word dit nie letterlik bedoel nie, want die persoon steek nie regtig sy kop in 'n bynes nie en die man smeer nie regtig heuning met 'n kwassie om die meisie se mond nie!








Wanneer jy aan te veel dinge gelyk dink, zoem jou kop. Word dit letterlik of figuurlik bedoel? Hoekom sê jy so?

In taalgebruik word baie dinge gesê wat nie letterlik bedoel word nie. Dit maak taal interessant en gee sprekers baie keuses om een ding op verskillende maniere te sê. Soms kan jy net die idioom gebruik sonder om enigiets anders te sê en die ander persoon sal eintlik presies weet wat jy bedoel!

Hier is nog idiome en spreekwoorde wat ons taal geur gee!

- Elke huis het sy kruis (Almal het maar probleme)
- Die gogga het jou gebyt (Jy's baie entoesiasties oor iets)
- Die appel val nie ver van die boom nie ('n Kind aard gewoonlik na sy ouers)
- Hoe meer siele, hoe meer vreugde (Hoe meer mense saamkuier, hoe lekkerder is dit)
- Vele hande, ligte werk (As almal saamwerk, word die werk gou gedoen)
- Die aap uit die mou laat ('n Geheim oorvertel)

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# LEER DIE IDIOME EN HUL BETEKENIS

1) **Hoe meer <u>siele</u>, hoe meer vreugde.**
   Hoe meer mense saamkuier, hoe lekkerder is dit.
2) **Vele <u>hande</u>, ligte werk.**
   As almal saamwerk, word die werk gou gedoen.
3) **Die <u>aap</u> uit die mou laat.**
   ‘n Geheim oorvertel.

Die sleutelwoord is vir jou onderstreep. Teken ‘n prentjie en fokus op die sleutelwoord om jou te help om die idioom te onthou.

(Maak seker dat jy alle woorde reg spel.)

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# LEES: p.85

**‘n Dialoog:** **Lees hierdie kort dialoog tussen Tokkie en die bye op jou eie. Gebruik stemverandering vir die 2 karakters.**



**Tokkie:** Bye, bly asseblief stil sodat ons vergadering kan hou.
**Bye:** Zoem, ons wil nie hoor wat jy te sê het nie.
**Tokkie:** Maar ons moet praat oor die kosvoorraad.
**Bye:** Ons is nie lus vir jou laaaaang praatjies nie.
**Tokkie:** Ek sal probeer om vinnig te praat.
**Bye:** En as ons nie wil nie?
**Tokkie:** Dan sal ek julle moet straf!

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# SKRYF:

Skryf ’n **dialoog** tussen 2 bye waarin hul vir mekaar vertel hoekom bye belangrik is!



Onthou: 1) Skryf in die teenwoordige tyd.

2) Gebruik ’n dubbelpunt.

3) Onthou om die skryfproses te volg.

As jy klaar geskryf het, kan jy jou boetie of sussie vra om jou storie te rolspel.



Laerskool Mikro Kopiereg ©